

HOËRSKOOL GRENSWAG



“Ons gee om” – “We care”

GEDRAGSKODE

Die gedragskode dien as riglyn vir die optrede van leerders. 'n Leerder van Hoërskool Grenswag se gedrag kan dus gemeet word aan die mate waarin hy die skool se gedragskode onderskryf en respekteer.

Die gedragskode van 'n skool word verskans deur die Skolewet (*Wet 84 van 1996 en die wysigings daarvan*) en daar word verwag dat 'n leerder wat by die skool inskryf en sy ouers/voogde hulle vergewis van die skool se gedragskode en die bepalinge daarvan. Verder impliseer inskrywing by die skool dat die leerder en sy/haar ouer/voog die gedragskode aanvaar en noudeset sal nakom. Indien 'n leerder die gedragskode oortree of minag, sal daar dienooreenkomstig teenoor hom/haar opgetree word.

1. Toegerus

'n Leerder van Grenswag wat selfwaarde ag en uitleef sal toegerus skool toe kom met:

- die nodige **skryfbehoeftes**, handboeke en skrifte
- sy/haar **rooster** en
- 'n **seil- of leertas**, wat sy/haar boeke beskerm.

'n Leerder het respek vir eiendom, daarom bring hy/sy **nie duur items**, PSP's, “Tablets”, -iPods, kameras ens. skool toe nie. Hy/sy los nie sy/haar **tas of sak buite die klas** nie (behalwe waar dit so vir hom/haar aangewys word), aangesien dit sy/haar **verantwoordelikheid is om dit op te pas**.

2. Voorkoms

'n Lojale Grenswag leerder dra die skool se klere en kleure met trots.

- Hy/sy het respek vir homself/haarself en sy/haar mede-Grenswag leerders en daarom kom hy/sy die voorskrifte t.o.v. **skouldrag** en **voorkoms** stiptelik na.
- Hy/sy sorg dat hy/sy absoluut **korrek geklee** is wanneer hy/sy deelneem aan **sport of** wanneer hy/sy **byeenkomste** bywoon om die skool en sy/haar maats te ondersteun.

Respek verhoed dat 'n Grenswag leerder **kougom** kou wanneer hy/sy in skouldrag geklee is.

3. Afwesigheid

Lojaliteit en integriteit vereis dat:

- 'n Grenswag leerder **slegs afwesig** is weens siekte of 'n ander ernstige of dringende saak.

4. Laatkom vir skool/brug/klas

- 'n Grenswag leerder het respek vir sy/haar eie en ander se tyd.
- Daarom sal hy/sy **betyds** wees by die skool, brug en klas.
- 'n Grenswag leerder beweeg flink en vinnig tydens **wisseling** van een klas na 'n ander. Hy/sy drentel of kuier nie rond nie en gaan nie tussen periodes badkamer toe nie, aangesien hy/sy die beskikbare akademiese tyd ten volle wil benut. Wanneer die **tweede klok** vir wisseling lui, is hy/sy dus reeds in sy volgende klas.
So bewys 'n Grenswag leerder sy/haar integriteit deur **afsprake met personeel** na te kom en hy/sy bly nie weg sonder dat hy/sy die betrokke personeellid vooraf in kennis gestel het nie. **Ouers** word gemaan om te sorg dat leerders betyds by die skool opdaag.

5. Gedrag tydens opening

'n Lojale Grenswag leerder is deel van sy/haar **graadgroep** en staan tydens opening in die area wat vir hom/haar so aangedui is.

- Uit respek staan 'n Grenswag leerder tydens opening **nie met sy/haar hande in sy/haar sakke nie**, kyk hy/sy vorentoe en bepaal sy/haar **aandag** by die verrigtinge, **eet of drink hy/sy nie** en hou hy/sy hom/haar nie met sy/haar **selfoon, leerwerk** of ander dinge besig nie.
- Sy/haar gedrag in die vierkant en die saal sal **onberispelik** wees.

6. Akademie

'n Grenswag leerder kom sy/haar akademiese verpligtinge pligsgetrou na. Hy/sy:

- doen sy/haar **huiswerk** selfstandig en met ywer. Dit geld vir praktiese -, skriftelike -, sowel as
- leerwerk.
- vergeet nie sy/haar boeke of werksopdragte en take tuis nie.
- ontwrig nie die **klasroetine** nie.
- sorg dat sy/haar **selfoon** afgeskakel is.
- **eet en drink nie** tydens 'n lesperiode nie.

'n Lojale Grenswag leerder sorg dat sy/haar optrede nie hul maats die geleentheid ontnem om ten volle te baat by die onderrig/leerproses nie.

7. Netheid van die omgewing

- Dit is vir 'n Grenswag leerder 'n saak van lojaliteit om sy/haar **skoolterrein én klaskamer skoon en netjies** te hou.

- Wanneer dit sy/haar klas se beurt is, verrig hy/sy vriendelik en vrywillig die **terreindiens** in sy/haar graadgroep se spesifieke area.
- Hy/sy neem ook verantwoordelikheid om sy/haar **klaskamer** skoon en netjies te hou.

8. Verbode terrein

'n Grenswag leerder sorg dat hy/sy weet watter deel van die terrein verbode is.

9. Beskadiging van eiendom

'n Grenswag leerder respekteer sy/haar eie en ander se eiendom en daarom:

- krap hy/sy nie op **banke, stoele, mure, of tasse nie**.
- plaas hy/sy nooit sy/haar tas bo-op **sy/haar skoolbank** nie, aangesien dit die bank beskadig.

'n Leerder en sy/haar ouers/voogde neem ook verantwoordelikheid vir skool- en ander leerders se eiendom wat **per ongeluk** deur die leerder beskadig word.

10. Taalgebruik

'n Grenswag leerder toon sy/haar respek teenoor almal wat met hom/haar te doen kry deur te let op sy/haar taalgebruik. **Kru- en onweloweglike taal** word nie deur 'n Grenswag leerder gebruik nie. Hy/sy toon sy/haar **welwillendheid** deur almal wat hy/sy teëkom, vriendelik te groet.

11. Klasontduik/klasverlaat

'n Grenswag leerder met selfwaarde:

- doen pouse wat nodig is, sodat hy/sy nie tydens klas die kamer moet verlaat nie en loop nie met allerhande voorwendsels tydens lestyd rond nie.
- is nie afwesig van klas of verlaat 'n klas **sonder die toestemming van die betrokke onderwyser nie** en sorg dat hy/sy luister wanneer daar **toesig** gereël word.

12. Selfone

'n Grenswag leerder se integriteit en respek vir ander laat hom/haar nie toe om sy/haar selfoon **tydens skooltyd** te gebruik nie.

- **Tydens klas en tussen periodes** is 'n leerder se selfoon **in alle opsigte onaktief** en weggebêre.
- Hy/sy loop dus nie daarmee in sy/haar hand of sit daarmee op sy/haar skoot nie.
- Die selfoon van 'n Grenswag leerder moet **voor opening** vir die duur van die skooldag afgeskakel wees en mag slegs tydens **pouse** aangeskakel en gebruik word.

13. Rook/In die teenwoordigheid van rokers

'n Grenswag leerder bewys sy/haar integriteit en lojaliteit deur nie in **skooldrag**, op die **skoolterrein** of by **skoolfunksies**:

- te rook nie, tabak of sigarette skool toe te bring of in sy/haar besit te hê nie
- en omdat hy/sy dit nie goedkeur dat sy/haar vriende hulle eie en sy/haar gesondheid benadeel nie, sal hy/sy ook nie in die teenwoordigheid van iemand wat rook wil wees nie.

14. Verlaat van skoolterrein

'n Grenswag leerder het integriteit en weet hy/sy kan die skoolterrein tussen 7:10 en 13:30 slegs met die **toestemming van die graadvoog** verlaat - selfs as sy/haar ouer hom/haar by die skool kom haal. Aangesien die skool verantwoordelikheid neem vir die veiligheid van die leerders, word ouers versoek om die uittekenprosedures te volg.

Indien die graadvoog afwesig of nie beskikbaar is nie, word toestemming deur een van die **adjunkhoofde** verleen.

- Indien 'n Grenswag leerder die skoolterrein moet verlaat, bring hy/sy, sover moontlik, reeds die **vorige dag** 'n brief van sy/haar ouer/voog waarin die rede verstrek word.
- 'n Grenswag leerder met selfwaarde poog om, waar moontlik, geen **dokters- of ander afsprake** tydens skoolure te maak nie, aangesien hy/sy nie werk wil mis wat later weer met moeite ingehaal moet word nie.
- Tydens skoolure is die Grenswag leerder die skool se verantwoordelikheid. Integriteit dwing 'n Grenswag leerder wat tydens skoolure **beseer** word, om dit dadelik by die kantoor aan te meld.

15. Eerlikheid

Integriteit dwing 'n Grenswag leerder om te alle tye eerlik te wees:

- hy/sy sal homself/haarself dus weerhou daarvan om **handtekeninge** na te maak, 'n **vals naam** op te gee, **huiswerk** of **assesseringsopdragte** af te skryf en as sy/haar eie aan te bied, oneerlik te wees in **toetse of eksamens en valse verklarings** af te lê.
- 'n Ware Grenswag leerder maak hom/haar nie skuldig aan **bedrog** van enige aard nie.
- 'n Grenswag leerder se lojaliteit dwing hom/haar om **inligting** wat nodig is vir die **veiligheid** van ander, of vir die goeie orde en dissipline van die skool, onmiddellik bekend te maak.

16. Ordereëlins en skoolroetine

'n Grenswag leerder se integriteit en respek dwing hom om:

- wanneer hy/sy in die **klas** kom, dadelik sy/haar boeke uit te haal, sy/haar tas netjies onder sy/haar stoel te plaas en te gaan sit.
- wanneer daar **afkondigings** gemaak word voor skool, voor pouse en aan die einde van die skooldag aandagtig te luister.
- Eers die klas te verlaat nadat daar om 13:30 oor die interkom afgesluit is en die onderwysers die klas verdaag

'n Grenswag leerder maak homself/haarself nie skuldig aan **staking, massaoptrede of ontgroening** nie. Sulke optrede word ter wille van almal se veiligheid ten strengste deur die **Skolewet** verbied.

17. Kommunikasie met ouers

'n Grenswag leerder met integriteit oorhandig getrou alle **omsendbriewe of ander kommunikasie** van die skool aan sy/haar ouer/voog. Indien daar 'n **skeurbriefie** is, word dit so gou moontlik, verkieslik die volgende dag, aan die klasvoog terugbesorg.

Drie keer per jaar word 'n leerder se ouers oor sy/haar akademiese vordering ingelig wanneer 'n **punteverslag** aan die ouers gestuur word.

Opvoedkundige verslae wat die ouers inlig oor sy/haar gedrag, word deur die jaar op vasgestelde datums uitgestuur.

Daar is twee beskikbare oueraande, waarin alle ouers welkom is om enige saak rakende hulle seun/dogter met die personeel te kom bespreek.

Aangesien daar ook via **sms'e** met ouers gekommunikeer sal word, word ouers gemaan om seker te maak dat hulle die skool te alle tye van hul **selfoonnommers** en veranderinge in die verband inlig. 'n Grenswag leerder se ouers word uitgenooi om enige probleme via die **skoolhoof / graadvoog** met die skool te kommunikeer deur aan te meld by die ontvangstonbank.

- 18. Die oortreding van reëls bring mee dat straf toegepas word.** Om egter te voorkom dat daar, wat gedrag aanbetref, slegs gekonsentreer word op die negatiewe, kry elke leerder aan die begin van elke jaar 'n puntetotaal van 200. Wanneer dit nodig geag word dat straf toegepas word, word daar van hierdie totaal punte afgetrek soos aangedui in die onderstaande tabel.

Oortreding begaan	
Laatkom – klas	15
Laatkom – skool (x3)	30
Voorkoms/Kleredrag/Ongeskeerde baarde, ens.	15
Verhinder ander lle om te konsentreer/Ontwrig klas	20
Swak gedrag/Spoeg/Gedrag – seun + dogter verhoudings/Disrespek betoon	20
CASS/PAT-projekte laat ingehandig/Nie opdaag – prakties/mondeling	20
Toets/skrif/rapport/skeurstrokke nie geteken(ouers)	10
Ignoreer opdrag van leerlingraad	15
Kru taalgebruik/Haatspraak	20
Graffiti op mure, meubels, handboeke of enige plek	25
Rook/in besit van sigarette/teenwoordig waar gerook	40
Stokkiesdraai - klas, toesigklas en skool	40
Leuens/valse aantygings	20
Speel/saamdrom by trapskagte of op enige verbode terrein	20
Wangebruik van selfoon	15
Wangebruik van sosiale netwerke (intimiderende of afbrekende opinies)	40
Enige vorm van dobbel	30
Tatoeërmerk sigbaar	20
Finale waarskuwing vir enige van die ernstige oortredings in punt 9 hieronder	50

- Wanneer 'n leerder 100 punte verloor het, word die ouers skriftelik daarvan kennis gegee.
- Wanneer 'n leerder 200 punte verloor het, word die ouers ingeroep en die leerder word vir 'n bepaalde tydperk (5 skooldae) geskors.
- Wanneer die leerder terugkeer, voortgaan met oortredings en 'n verdere 200 punte verloor, word hy/sy gevra om die skool te verlaat (nadat die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam so besluit het).
- Hierdie stelsel help ook die personeel met die identifisering van potensiële leiers wanneer daar aan die einde van graad 11 'n nuwe leerderraad aangewys moet word.
- Rekord word gehou van al die oortredings vir die volle duur van die tydperk wat die leerder aan hierdie skool verbode is. Die leerder bou dus vir homself/haarself 'n rekord op - hetsy positief of negatief.
- Kredietpunte word kwartaalliks op punteverslae aangedui.

- Lede van die leerderraad kan ook oortredings van die gedragskode rapporteer en die strafbrief mede-onderteken as ooggetuie van die oortreding.
- Leerders wat herhaaldelik oortree kan ook, voordat die vlakke soos hierbo aangedui in bereik word, deur die dissiplinêre hoof na die hoof verwys word vir 'n onderhoud met die ouers en moontlike uitsetting.

19. ERNSTIGE OORTREDINGS

Die volgende gedrag word as baie ernstige oortredings van die skool se gedragskode gesien en na gelang van die erns van die saak kan dit lei tot onmiddellike skorsing. Dit is in ooreenstemming met die **Wet van toepassing op Suid-Afrikaanse Skole wat op 15 Mei 1998 in die Staatskoerant gepubliseer is.**

- Gedrag wat die veiligheid van ander in gevaar stel en die regte van ander skend/rassisme.
- Besit, dreigement of gebruik van enige gevaarlike wapen (dit sluit messe en skêre in).
- Gebruik van of in besit wees van alkoholiese drank of enige vorm van dwelms.
- Ernstige gevalle van aanranding, afknou, boelie (fisies en/of verbaal) of mishandeling.
- Immorele gedrag of godslastering.
- Valse identifisering van jouself.
- Vandalisme en/of die vernietiging of ontsiering van skool eiendom.
- Diefstal of die besit van gesteelde eiendom.
- Uitdagende, onbeskofte gedrag teenoor opvoeders.
- Enige seksuele oortreding/seksisme.
- Oneerlikheid in toetse en eksamens (wat hierdie oortreding aanbetref kan dit daartoe lei dat die leerder 0 kry vir die hele vraestel of vir sekere vrae wat beantwoord is).
- Pornografie (gedruk of elektronies) in sy/haar besit.
- Die bewustelike en opsetlike verskaffing van valse inligting of die vervalsing van dokumente.
- Herhaaldelike skending van skoolreëls.

ONS TRADISIE IS OM INNOVEREND TE WEES

GOEDGEKEUR:

HOOF

BEHEERLIGGAAM

DATUM

DATUM